# VERSLAG VAN DIE KOMMISSIE TOT BEHOUD VAN NATUURLIKE EN HISTORIESE GEDENKWAARDIGHEDE EN OUDHEDE, APRIL 1967 — MAART 1968

*Geproklameerde monumente*

'n Volledige lys gedenkwaardighede wat tot 31 Maart 1965 geproklameer is, het in Verslag No. 30 van die jaar geëindig 31 Maart 1965 verskyn. 'n Aanvullende lys van 13 monumente is in Verslag No. 31 gedruk en 'n verdere lys van 14 monumente het in Verslag No. 32 verskyn. Die dertien items wat in die onderstaande lys verskyn, is gedurende die verslagjaar tot monumente verklaar, wat die totale getal proklamasies op 272 te staan bring. Daar moet egter in gedagte gehou word dat sommige van die proklamasies, soos die huise in Donkinstraat, Port Elizabeth, die Slamse Buurt, Kaapstad, en die Kapstylhuise by Puntjie, 'n aantal geboue omvat, met die gevolg dat die werklike getal geproklameerde geboue aansienlik groter as die getal proklamasies is. Gedurende die jaar is onderstaande tot monumente verklaar:

1. Die Ou Hooggeregshof, Kaapstad.
2. Die boom naby die plek waar die Verdrag van Oorgawe van 1806 geteken is, Woodstock.
3. Ou Nektar, Stellenbosch.
4. 'n Gedeelte van die Afdelingsraadgebou, Stellenbosch.
5. Morawiese Sendingstasie, Mamre.
6. Twist Niet, Wellington.
7. Die Ou Pastorie en Ou Anglikaanse Kerk, Bredasdorp.
8. Kapstylhuise, Puntjie, distrik Riversdal.
9. Huise in Donkinstraat, Port Elizabeth.
10. Die eerste Sewendedags-Adventistekerk in Suid-Afrika, Kimberley.
11. Die brug oor die Vaalrivier, Barkly-Wes.
12. Die Tolhuis by die brug oor die Vaalrivier, Barkly-Wes.
13. Die Terrein van die Slag van Bloedrivier, distrik Dundee.

*Beheer oor wetenskaplike opgrawings en uitvoer*

Die beheer oor argeologiese en paleontologiese uitgrawings en die uitvoer van monsters vir wetenskaplike doeleindes het weer eens die Kommissie se sorgvuldige aandag geniet. Permitte vir sodanige werksaamhede word slegs na aanbeveling deur 'n komitee van deskundiges en met die goedkeuring van die Voorsitter uitgereik.

*Bronswapens*

Bronswapens in die vorm van die Kommissie se amptelike kenteken word by geproklameerde monumente aangebring as aanduiding dat hulle tot monumente verklaar is.

Sestien wapens is gedurende die jaar by die volgende monumente aangebring:

1. Ou Hooggeregshof, Kaapstad (2 wapens).
2. Tokaihuis, Consantia.
3. Die Duiwehok, Corenhoop, Mowbray.
4. Ou Nektar, Stellenbosch.
5. Nederduitse Gereformeerde Kerk (Strooidakkerk), Paarl.
6. Twist Niet, Wellington.
7. „The Auld House", Swellendam.
8. „The Cottage", Swellendam.
9. Die Tuishuise, Swellendam.
10. „Pinehurst", Oudtshoorn.
11. Stadsaal, Beaufort-Wes.
12. Huntlystraatskool, Grahamstad.
13. 1820-Setlaarskerk, Bathurst.
14. Ou Nederduitse Gereformeerde Kerk (nou N.G. Kerksaal), Uitenhage.
15. Eerste Sewendedags-Adventistekerk, Kimberley.
16. Pivaanrivierbrug, Paulpietersburg.

*Gedenkplate*

Die Kommissie is voornemens om uiteindelik brons gedenkplate by alle geproklameerde monumente aan te bring. Die opskrifte verskaf aan besoekers inligting oor die belangrikste feite betreffende die monumente, om sodoende hul belangstelling daarin te behou.

Benewens dié by geproklameerde plekke, is 'n groot aantal gedenkplate aangebring by plekke wat nie tot monumente verklaar is nie. Sodanige gedenkplate dien 'n bykomende beskermende doel, deurdat die eienaars daardeur aangemoedig word om die monumente wat op hierdie wyse onderskei is, te bewaar en in stand te hou.

Die vervaardiging en aanbring van gedenkplate is duur, en word baie gestrem deur die beperkte fondse waaroor die Kommissie beskik. 'n Aansienlike aantal opskrifte is goedgekeur, maar word agterweë gehou. Dertien gedenkplate kon gedurende die jaar aangebring word, maar daar is 'n aansienlike agterstand wat ingehaal moet word.

Die dertien opskrifte wat gedurende die jaar aangebring is, is die volgende:

1. *Tokai-Huis, Constantia*

In 1792 is die plaas Tokai toegeken aan Jan Andreas Rauch, vroeër hoof van die wapenkamer en sedert 1775 hoofopsigter van

Groote Schuur. Twee maande later het Rauch die grond verkoop aan die „Burgher Chirurgijn" Andreas George Hendrik Teubes, wat die woonhuis laat bou het, vrywel seker volgens planne van Louis Michel Thibault. Van 1799 het Tokai agtereenvolgens behoort aan Jan Frederik Herwig (tot 1800), Johan Casper Loos (tot 1802), Petrus Michiel Eksteen en sy nakomelinge (tot 1883), toe dit deur die Kaapse regering aangekoop is.

2. *Nederduits-Gereformeerde Kerk, Paarl*

Hierdie kerkgebou is een van die oudstes in ons land. Die bouwerk is verrig deur Manhafte Kuchler. Dit is op 28 April 1805 in gebruik geneem deur ds. J. P. Serrurier van Kaapstad. Die Ysterhekke voor die kerk is gemaak deur Jan Warnick en in 1808 voltooi. Die kloktoring is in 1811 opgerig. Die preekstoel is in 1838 in gebruik geneem.

3. *Nederduits-Gereformeerde Sendingkerk, Bovlei, Wellington*

Hierdie gebou is een van die oudste sendingkerke in Suid-Afrika. Dit is op 18 September 1820 deur ds. J. G. L. Gebhart van die Paarl ingewy. Dit was oorspronklik 'n langwerpige reghoek. Die syvleuels is in 1869 aangebou. Die eerste oefenmeester was Daniël Jakobus le Roux. Van 1830 tot 1879 het eerw. Isaac Bisseux van die Paryse sendinggenootskap die gemeente bedien.

4. *St. Johnskerk, Bathurst*

Hierdie kerk, gebou deur 1820-setlaars, is ontwerp deur C. C. Michell R.E., wat later tot lt.-kolonel bevorder en as landmeter-generaal van die Kaap-kolonie aangestel is. Die hoeksteen is op 1 Mei 1832 gelê en die kerk is op 1 Januarie 1838 geopen. Terwyl dit nog in aanbou was, het dit in die oorlog van 1834 as 'n toevlugsoord en in 1835 as 'n fort gedien. Dit is weer in die oorloë van 1846-47 en 1850—53 as 'n toevlugsoord gebruik.

5. *Metodistekerk, Clumber, Bathurst*

Op hierdie terrein het die Nottinghamse groep setlaars by hul aankoms in 1820 'n dankdiens gehou en in 1825 die eerste kerk gebou. Die tweede kerk, wat die eerste in 1837 vervang het, het in 1846 as verdedigingspos diens gedoen. Die huidige kerk is in 1867 geopen.

6. *Huis van Olive Schreiner, De Aar*

In hierdie huis het die bekende skryfster Olive Schreiner (1855-1920) en haar man S. C. Cronwright-Schreiner van 1908 tot 1913 gewoon. Hier het sy haar werk *Woman and Labour* voltooi en twee geleentheidstukke *Thoughts about Women* en *Closer Union* geskryf.

7. *Graf van Niklaas Waterboer, Griekwastad*

Niklaas Waterboer. Kaptein van die Griekwas van 1853 tot 1871.

8. *St. Andrewkerk, Pietermaritzburg*

Die eerste Anglikaanse kerk in Pietermaritzburg, wat in Oktober 1855 deur biskop Colenso ingewy is, het hier gestaan. Dit is in 1954 gesloop.

9. *Geboorteplek van Genl. Louis Botha, Greytown*

Op hierdie plek het die huis gestaan waarin Louis Botha, beroemde Boeregeneraal en eerste Premier van die Unie van Suid-Afrika, op 27 September 1862 gebore is.

10. *Doornkop, Estcourt*

Piet Retief se geselskap het in Desember 1837 in hierdie omgewing laer getrek. Tydens die Bloukransmoorde het dit 'n toevlugsoord geword. Hiervandaan is hulp gestuur aan ander groepe wat aangeval is. Die laer het in April 1838 uiteengegaan.

11. *Rensburgkoppie, Estcourt*

Op 17 Februarie 1838 is 'n groep Voortrekkers onder Johannes van Rensburg in hul laer op die vlakte hieronder deur 'n Zoeloe-impie aangeval. Hulle het na hierdie koppie gevlug en hul dapper verdedig. Hul ammunisie het later opgeraak, maar hulle is gered deur die jeugdige Marthinus Oosthuijse wat te perd van hul laer af met kruit en lopers deur die Zoeloes gejaag het.

12. *Plek waar die Prins-Imperiaal van Frankryk gesneuwel het, Nqutu.*

Hier is Lodewyk Napoleon, die keiserlike prins van Frankryk, op 1 Junie 1879 deur 'n Zoeloemag oorval en gedood.

13. *Pivaanrivier-brug, Paulpietersburg*

Hierdie brug is in 1896-98 gebou toe die gebied nog deel van die Zuid-Afrikaansche Republiek uitgemaak het.

*Publisiteit en inligting*

Alles moontlik is gedoen om openbare belangstelling in monumente en hulle behoorlike instandhouding aan te wakker. Koerante en die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie is aangemoedig om publisiteit aan die Kommissie se werksaamhede te gee, en waar ook al moontlik, is daar aan hulle inligting verskaf en bystand verleen. Verskeie lede het lesings of toesprake gelewer oor onderwerpe wat met die Kommissie se werk verband hou. Daar is goeie vordering gemaak met die opstel van 'n nuwe boek wat beskrywings en illustrasies bevat van al die monumente wat die Kommissie geproklameer of deur middel van gedenkplate aangedui het. Dit sal die boek vervang wat in 1951 deur die Kommissie gepubliseer is en wat verskeie jare reeds uit druk is. Die Kommissie se pamflet oor Dingaanskraal is hersien en herdruk. Dit word op die terrein aan die publiek te koop aangebied.

*Sake van besondere belang*

Die Kommissie het aandag gegee aan 'n groot aantal monumente wat 'n baie groot verskeidenheid onderwerpe insluit: 'n Paar sake van besondere belang word hier genoem om die verskeidenheid van die Kommissie se werksaamhede gedurende die jaar aan te toon:

1. *Die Slamse Buurt, Kaapstad*

Die restourasie en bewaring van 'n gedeelte van die Slamse Buurt het die Kommissie al baie jare lank besig gehou en is by herhaling in jaarverslae genoem. Die aangeleentheid het nou die stadium bereik waar 'n algemene ooreenkoms tussen die Stadsraad van Kaapstad, die Historiese Monumentekommissie, die Suid-Afrikaanse Instituut van Argitekte en ander liggame bereik is oor die voorstelle vir die restourasie van die omskrewe gedeelte van die Slamse Buurt. Die Raad en die Regering moet nog net die nodige fondse verskaf. Die Stadsingenieur het daarop gewys dat die aard van die werk sodanig is dat dit wenslik is om die rekonstruksie oor 'n tydperk van ongeveer drie jaar te laat plaasvind en dat die Regering se finansiële hulp oor 'n soortgelyke tydperk gesprei kan word.

2. *Die Sendinggestig, Langstraat, Kaapstad*

Die Kommissie het alles in sy vermoë gedoen om die voortbestaan van hierdie histories unieke en argitektonies belangrike gebou te verseker. Nadat alle onderhandelings en vertoë misluk het, het die Kommissie 'n verklaring gepubliseer wat die omstandighede van die geval uiteengesit het. Dit het 'n merkwaardige reaksie van die publiek ontlok en verdere onderhandelings is deur ander liggame aangepak. Die gevolg was dat die Direkteure van die Sendinggestig besluit het om die gebou nie te verkoop nie, maar om dit in 'n geringe mate op te knap en steeds as kerk te gebruik. Hoewel 'n beslissing oor die lot van die gebou uitgestel is, is geen bevredigende oplossing gevind nie en bly sy uiteindelike toekoms onseker.

3. *Huise in Wynberg*

Die Kommissie is baie gretig dat die besondere karakter van die ou „Wynbergdorpie" behou moet bly. Daar is ernstig aan gedink om dit tot 'n monument te verklaar, maar dié optrede sou 'n groot aantal eiendomme betrek en aansienlike probleme veroorsaak het. Daar is 'n praktiese reëling met die Stadsingenieur van Kaapstad getref, waarvolgens planne rakende die gebied aan die Kommissie voorgelê word vir kommentaar, voordat dit deur die Stadsraad goedgekeur word. 'n Aantal planne is gedurende die jaar ondersoek en die reëling werk verbasend goed.

4. *Die Meulstroom, Stellenbosch*

Die ou Meulstroom wat deur Stellenbosch loop, van Jonkershoek tot anderkant die Braak, was 'n skilderagtige en historiese kenmerk

van die dorp. 'n Groot gedeelte van sy loop is bedek, en die noodsaaklikheid om Van Ryneveldstraat breër te maak het twyfel laat ontstaan of die stroom as 'n waarneembare entiteit kan bly voortbestaan. Die Kommissie het aandag aan die saak geskenk en was in staat om die hartlike samewerking van die Munisipaliteit van Stellenbosch te verkry om 'n oplossing te vind wat die noodsaaklikheid om die straat breër te maak met die heropening en restourasie van die Meulstroom sal laat rym.

5. *Sendingkerk, Campbell*

Die sendingstasie by Campbell was een van die eerste sentrums vir sendingwerk wat noord van die Oranjerivier gevestig is. Die klein kerkie, gebou (1827-1831) deur die sendeling John Bartlett, wat die gemeente van 1825-1849 bedien het, is in 1960 tot monument verklaar.

Die kerk is die eiendom van mnr. W. B. Humphreys, wat baie sorg bestee het om dit in stand te hou. Mnr. Humphreys het nou baie vrygewiglik aangebied om die kerk en die omringende grond aan die Kommissie te skenk en het ook onderneem om voort te gaan om die kerk in stand te hou vir solank hy daartoe in staat is, en om geld aan die Kommissie te bemaak vir die instandhouding daarvan na sy dood.

So 'n diep belangstelling in die welsyn van 'n monument en ruim voorsiening vir die permanente versorging daarvan word selde raakgeloop. Wat die Kommissie betref, is dit slegs geëwenaar deur mnr. en mev. J. P. Mackie Niven wat ook 'n terrein aan die Kommissie geskenk en ruim voorsiening vir die instandhouding daarvan gemaak het.

Die Kommissie boekstaaf sy besondere waardering vir mnr. Humphrey se vrygewigheid en vertrou dat sy en mnr. en mev. Mackie Niven se optrede as voorbeeld en inspirasie vir ander sal dien.

6. *Monumente by Waterval-bo*

Daar kom in die paar myl tussen Waterval-Bo en Waterval-Onder nie minder nie as drie belangrike geproklameerde monumente voor: die Ou Spoorwegtonnel, die Vyfboogbrug en Krugerhof, waar President Kruger gewoon het en die sake van die Suid-Afrikaanse Republiek bestuur het nadat die Regering Pretoria gedurende die Anglo-Boere-Oorlog ontruim het. Daar is verneem dat al hierdie monumente waarskynlik deur die rekonstruksie van die pad geraak sal word. Die Kommissie het dringende vertoë tot die betrokke Departement gerig, en het die versekering gekry dat daar sorg gedra sal word dat die monumente nie beskadig word nie, en dat die openbare toegang tot die monumente verbeter sal word.

7. *Ou Fort en Begraafplaas, Potchefstroom*

Hierdie monumente behoort aan die Kommissie en is 'n paar jaar gelede geproklameer. Die Kommissie is voornemens om die

begraafplaas aan die Suid-Afrikaanse Oorlogsgrafteraad oor te dra, maar sal in besit bly van die Fort.

Uitgebreide ingenieurswerk in verband met 'n nuwe spoorwegoorgang naby die terrein het ernstige probleme geskep. Aanvanklik is daar geen voorsiening vir toegang tot die monumente gemaak nie. As gevolg van vertoë deur die Kommissie is daar voorsiening gemaak vir toegang vir voetgangers, maar die voorgestelde reëlings is geensins bevredigend nie, en die Kommissie is besig met verdere vertoë in hierdie verband.

8. *Die huis van genl. A. W. J. Pretorius, Welverdiend, Pietermaritzburg*

Daar is baie jare lank beweer dat 'n skoolgebou in die Bantoewoonbuurt Edendale, naby Pietermaritzburg, oorspronklik die huis van die Kommandant-generaal van die Voortrekkers, Andries Pretorius, op sy plaas Welverdiend was. Onlangse navorsing het getoon dat 'n ander huis by Edendale in werklikheid 'n groot deel van Pretorius se huis insluit, en dat sekere vervalle mure daar naby die oorblyfsels van Pretorius se watermeul is.

Nadat hy die terrein besigtig het, het die Kommissie besluit om aan te beveel dat 'n stuk grond, met inbegrip van die huis sowel as die bouvalle, tot monument verklaar word. Die betrokke grond en geboue maak deel uit van die Edendalese Tegniese Kollege wat deur die Departement van Bantoeonderwys geadministreer word, en die Kommissie voer tans onderhandelings met die Departement wat die Kommissie na verwagting in staat sal stel om sy besluit uit te voer.

9. *Voortrekkerpaaie in Natal*

Die Kommissie het 'n aanbeveling by die Minister van Kultuursake gemaak dat 'n gedeelte van die ou Voortrekkerpad, wat nog steeds by World's View, Pietermartizburg gesien kan word, tot monument verklaar word. Dit is in 'n openbare reservaat geleë, en word deur die Pietermaritzburgse Stadsraad in stand gehou.

Oorblyfsels van die ou Voortrekkerpad kan ook nog steeds op die ou Retiefpas naby Olifantshoekpas gesien word. Daar word verneem dat hierdie terrein meer toeganklik sal wees wanneer 'n nuwe hoofpad gebou is. Die Natalse Paaiedepartement is gevra om die ou pad nie te beskadig nie en om openbare toegang daartoe te verskaf.

10. *Dingaanskraal, Babanango*

'n Lid van die Kommissie het Dingaanskraal besoek en 'n baie ontstellende verslag ingedien. Die historiese oorblyfsels op hierdie belangrike plek staan gevaar om te verdwyn indien niks gedoen word om hulle te bewaar nie. Die terrein behoort aan die Kommissie, wat regstreeks verantwoordelik is vir die instandhouding daarvan. Die Kommissie is ten volle bewus van die toestand by Dingaanskraal en

van sy verantwoordelikhede, maar is glad nie in staat om enigiets te doen nie, weens 'n gebrek aan fondse, en kan dus slegs magteloos toekyk terwyl die verval voortgaan.